

# GEMEENTEBULLETIN

NG Kerk Stellenbosch Moedergemeente

Tel: 021 883 3458 | Faks: 021 886 4041 | Alle ure nommer: 074 354 0088

E-pos: [kantoor@moederkerk.co.za](mailto:kantoor@moederkerk.co.za)

Webblad: [www.moederkerk.co.za](http://www.moederkerk.co.za)



## LYDENSTYD

### 15 MAART 2020

WELKOM IN DIE EREDIENS VANDAG!

**OGGEND- EN AANDDIENS**  
**JOHAN VAN DER MERWE**

**MOEDERKERK**  
**09:30 & 19:00**

**INFORMELE EREDIENS**  
**RICHARD VAN WYK**

**HOFMEYRSAAL**  
**09:30**

**KRUISKERK**  
**19:00**

ENTREPRENEURS

VAN



— 2020 —



**TEMA:** Sewe Weke VII - Entrepreneurs van hoop...hou mekaar vas

**TEKS:** Rom 15:7-13 en Ps 133

Hoe dikwels “verdra” ons nie maar bloot mekaar nie. Wat anders kan mens nou doen, ek moet nou maar eenmaal met dié mens saamleef? Rom 15:7 vra meer: “Aanvaar mekaar”. Dis om iemand in te neem en in te nooi in jou lewe en wêreld in. Daardeur skep ons hoop, verheerlik ons God en volg ons Jesus se voorbeeld na, motiveer Paulus verder.

Ps 133 stel dit vir ons met pragtige beelde daar. As jy na 'n medemens kyk, moet jy die olie van 'n salwing by hom of haar sien afloop – teken dat die Here in hom en haar teenwoordig is. Makliker met sekere mense as met ander, nie waar nie? En as jy na moeilike verhoudings kyk, onthou die dou van die Hermonberg. Net so vars, verrassend en nuut kan enige verhouding wees. Maar gee ons dit kans?

Hier met die afsluiting van die Sewe Weke hoor ons dat Entrepreneurs van Hoop nie ballades vir enkelinge sing nie, maar 'n koor van hoop is. In hierdie koor is daar 'n verskeidenheid van stemme wat mekaar aanvul en elkeen bydra tot die groter harmonie.

**Herwinbare sakke beskikbaar by die deure teen R30.**

**Kom geniet 'n koppie tee by die Kerkhuis na die oggenddiens.**

# PROGRAM VIR DIE WEEK

## MAANDAG, 16 MAART

17:00 Oggenddienswerkgroep in die Kerkhuis

## WOENSDAG, 18 MAART

17:30 Doopgesprek in die Kerkhuis

## VRYDAG, 20 MAART

08:15 GEEN Meditasie en Nagmaal in Moederkerk

## SONDAG, 22 MAART

08:30 Meditatiewe diens in die Kapel

09:30 Erediens in Moederkerk: Angeliqe Havenga

09:30 GEEN Kategese

09:30 GEEN Erediens in die Hofmeysaal

10:00 Engelstalige diens in die Khaya

18:30 GEEN Kategese

19:00 GEEN Erediens in Moederkerk

19:00 GEEN Erediens in Kruiskerk

## VANUIT DIE KERKKANTOOR...

- Gaan kyk gerus na ons webblad by [www.moederkerk.co.za](http://www.moederkerk.co.za) om te sien wat alles in Moedergemeente gebeur. Die bulletin is ook reeds Vrydae daar beskikbaar, sowel as die preekbeurte, tema en teks.
- NUWE LIDMATE wat by die gemeente wil inskakel, is welkom om die Kerkkantoor te kontak by 021 883 3458, of gaan na ons webwerf [www.moederkerk.co.za](http://www.moederkerk.co.za) vir meer inligting. Indien jou kontakbesonderhede verander, laat weet ons ook asb.
- CD-opnames van alle eredienste word gemaak. DVD-opnames kan per spesiale geleentheid bestel word. Bestel gerus 'n CD (R20) of DVD (R30) by die kerkkantoor.

## BELYDENISAFLEGGING - (Graad 12) 10 Mei 2020

Daar is op 10 Mei 'n geleentheid vir die Graad 12's wat verlede jaar in die Belydenisgroep was om belydenis van geloof af te lê. Jy moet 'n afspraak maak vir 'n persoonlike gesprek met Ds Jan van Zyl. Hiermee saam moet jy 'n brief skryf waarin jy sê hoekom jy Belydenis van geloof wil aflê en iets sê oor jou persoonlike geloofsreis. Jou ouers skryf ook 'n kort briefie oor jou geloofsreis. Kontak Jan vir navrae en 'n afspraak by [jan@moederkerk.co.za](mailto:jan@moederkerk.co.za).

Die volgende 2 Belydenis geleenthede is 26 Julie en 30 Augustus 2020.

## POSITIEWE OUERSKAP

Ons nooi ouers na 'n 6 weke toerustingsprogram (2 ure per week) gebaseer op waardes wat ouers vaardighede leer. Dit fokus op jou verhouding met jou kind en om hom/haar selfstandigheid te leer en te help om verantwoordelikheid te aanvaar. Vaardighede waarmee ouers toegerus word sluit o.a. in luistervaardighede, hoe om jou kind se emosies te erken, empatie, hoe om op 'n nie-bedreigende manier jou grense te stel en om op 'n positiewe manier dissipline toe te pas.

Module 1:	14 April	Inleiding, Ouerskapstyle en Kwaliteit-tyd
Module 2:	21 April	Empatie, luistervaardigheid en emosionele intelligensie
Module 3:	28 April	Die uniekheid van elke kind (sluit die Myers Briggs in)
Module 4:	5 Mei	Ek-boodskap: om nie-bedreigend grense te stel
Module 5/6:	12 Mei	Dissipline en die hantering van probleemgedrag
Module 7:	19 Mei	Huisvergadering, gesinswaardes en probleemoplossing

Kostes: R300 per persoon (sluit in: kursushandleiding en Myers Briggs persoonlikheidstoets)  
Tyd: 18:00-20:00  
Plek: Kerkhuis Moederkerk  
Inskrywings: [elaine@moederkerk.co.za](mailto:elaine@moederkerk.co.za)  
Navrae: [jan@moederkerk.co.za](mailto:jan@moederkerk.co.za)



Ons is op 'n ongelooflike interessante tyd in ons bestaan. Ons het in 2019 deur 'n strategiese proses gegaan waar ons besef het dat as ons 'n verantwoordelike, volhoubare en effektiewe impak wil maak in die gemeenskappe om Stellenbosch moet ons, ons fokus rig op vroeë kinderontwikkeling en geletterdheidsprojekte vir graad R en graad 1 leerders.

Indien jy meer wil hoor van ons strategie vorentoe en hoe jy betrokke kan raak kom praat saam op 8 April om 19:00 by die Kerkhuis. Vir meer inligting kontak Ruben by [ruben@stellumthombo.co.za](mailto:ruben@stellumthombo.co.za).

## STILTE, AFSONDERING, EENVOUD

Neem gerus kennis van die volgende datums en geleenthede vir afsondering, gebed en stilte. Hierdie geleenthede vind plaas op die Stillebosch Retreatplaas@Anathoth net buite Stellenbosch op die Bottelarypad.

23 April	- Stiloggend 9:00 - 13:00
8-10 Mei	- Retreat (naweek geleentheid)
21 Mei	- Stiloggend 9:00 - 13:00
1-5 Julie	- 5 dag Stil Retreat (Woens - Son)
16 Julie	- Stiloggend 9:00 - 13:00
20 Aug	- Stiloggend 9:00 - 13:00
5-8 Okt	- Retreat (Maan - Don)
23-25 Okt	- Retreat (naweek geleentheid)

## OP REIS SAAM MET ANDER...

Ons nooi sewe vroue van Moedergemeente om deel te neem aan die volgende reis *Sacred Conversions 1*. Ons pak die reis aan saam met 'n groep van agt vroue uit Cloetesville, Idasvallei en Kylemore asook 'n klein groepie vroue uit Stellenbosch Gemeente. Die reis duur 6 weke en is ontwikkel onder leiding van Trevor Hudson, 'n bekende predikant van die Metodistekerk in Johannesburg. Die doel is om by Jesus te leer hoe om ons stories met mekaar te deel asook hoe om na mekaar se stories te luister. Dit is 'n besondere praktiese reis waartydens ons mekaar beter kan leer ken binne 'n veilige ruimte.


Hierdie gesamentlike reis is gebore uit 'n diepe behoefte dat mense uit verskillende kultuurgroepe mekaar kan leer ken en saam kan gesels en so ook kan groei in geloof.

Die reis word in Afrikaans aangebied onder beskerming van ds Marié Britz van Moedergemeente en pastoor Karen Krige van Stellenbosch Gemeente. Die reis duur ses weke vanaf 14 April tot en met 19 Mei. Sodra ons die name van almal het wat belangstel, wil ons 'n byeenkoms reël om die dag, tyd en plek wat almal die beste pas, vas te stel.

Gee asseblief jul name, selfoonnommers asook epos-adresse in by Elaine in die kerkkantoor ([elaine@moederkerk.co.za](mailto:elaine@moederkerk.co.za) of kontak haar by 021 883 3458). Ons is baie entoesiasies oor die gesamentlike reis en kan nie wag om die vroue te ontmoet wat saam met ons en ons Hemelse Vader die pad gaan stap nie.

## BOEKBESPREKING

Ons volgende boekbespreking begin op Woensdag, 15 April om 10:00-11:30 soggens in die Foyer van die Hofmeyrsaal en 18:00-19:00 in die Kerkhuis. Die boek wat ons beplan om saam te lees is *The Grace of Forgiveness* van Margaret Blackie.



Boeke (R180) en inskrywings by Elaine.

## NUWERUS WIL SING

Die VGK gemeente van Nuwerus het 'n versoek gerig aan die Moederkerk vir hulp met die vestiging van 'n Lofprysingsgroep.

Indien daar enige onbenutte instrumente by u in die huis is, stuur asseblief aan na ons kantoor. Kom ons help hulle sing!

## GEBEDSLYS VIR DIE WEEK

### ONS GEMEENTE EN GEMEENSAP:

- Bid vir ons burgemeester en elke amptenaar van die munisipaliteit; veral vir hulle wat hulle werk noukeurig en pligsgetrou doen.
- Dank Hom vir die naam- en gesiglose mense wat ons dorp netjies hou, mooi versier met vrolike blomme en goeie dienste lewer.
- Bid dat ons Hom as die Skepper van al die skoonheid wat ons omring, sal eer en dien.

### ONS LAND:

- Bid vir die derduisende Suid-Afrikaners wie se lewens op soveel verskillende maniere deur die Corona-virus geraak word.
- Bid vir die veiligheid van almal wat in die komende skoolvakansie op ons land se paaie sal reis.

### ONS WÊRELD:

- Bid vir God se Skepping, veral ook na aanleiding van verlede week se 7 Weke gedeelte. Bid in die besonder vir die natuur wat God geskep het en waaroor hy ons as rentmeesters aangestel het. Maar, bid vir 'n omkeer in die vernietigende wyse waarop ons met die natuur omgaan. So pas is nuwe navorsing bekend gemaak oor die snelle agteruitgang in groot eko-stelsels, soos byvoorbeeld die reënwoude, en dat sodanige stelsels baie vinniger agteruitgaan as kleiner stelsels. Voorbeelde daarvan is die Karibbiese koraalriwwe wat binne 15 jaar kan verdwyn en die Amasone reënwoude binne 49 jaar. Bid dat die wêreld sal besef wat ons besig is om aan God se Skepping te doen en in diepe afhanklikheid sal meewerk om dit teë te werk.

## RECONCILIATION LUNCH

Die *Reconciliation Lunch* is 'n ruimte waar verskillende ras- en kultuurgroepe op 'n gestruktureerde maar tog informele wyse met mekaar skakel en verhoudings bou. Mense van verskillende kulture, agtergronde en taal word saamgebring rondom 'n etenstafel waar die geleentheid geskep word om stories te deel en by mekaar se leefwêreld te leer en so ons harte te verruim. Die *Reconciliation Lunch* word om 12:00 by die Legacy Sentrum in Kayamandi gehou. Die datums vir die res van die semester is 18 Maart; 1, 15, 29 April, 13, 27 Mei en 10 Junie. Almal is welkom. Indien jy 'n ete wil borg, of navrae het, kontak Jan van Zyl by [jan@moederkerk.co.za](mailto:jan@moederkerk.co.za).

## INDLELA - Donderdagaand, 19 Maart om 18:30 in die Kerkhuis

Ek herinner almal ook weer waarom hierdie inisiatief gaan. Indlela is die Xhosa woord vir “pad, of weg”. Die eerste gelowiges is die “mense van die weg” genoem, bedoelende dat hulle die weg van Christus gevolg het – sy manier van dink, voel en doen. Die afgelope twee jaar kom lidmate van Moedergemeente en die V GK gemeentes van Idasvallei, Cloetesville en Kayamandi bymekaar in die Kerkhuis vir 'n baie unieke soort “erediens”. Ons eet, ons deel, ons gesels, ons sing, ons aanbid, ons gee, ons dien. Ons tema vir Donderdagaand is *Human Rights and Dignity in a time of Lent: Confession, Lament and Conversation*.

Laat weet asb vir Jan by [jan@moederkerk.co.za](mailto:jan@moederkerk.co.za) as jy die volgende Indlela byeenkoms gaan bywoon vir ons logistieke reëlings. Almal is welkom.

### Moederkerk/Kruiskerk



**Jy kan ook jou dankoffer en bydraes deur Snapscan gee vir die gemeente of vir ons gemeenskapsbedieninge by Stelumthombo.**

**Gebruik die korrekte kodes hier:**

### Stelumthombo



Vanoggend se deurkollekte gaan aan die Gemeentehulpfonds.  
Volgende Sondag se deurkollekte gaan aan Hospice.

